AFRIKAANS EERSTE TAAL SG VR2 NOVEMBER 2006

AFDELING A POËSIE

- Daar word van kandidate by hierdie afdeling verwag om slegs 2 vrae te beantwoord.
- Die instruksies by elke vraag moet eers gelees word.
- Die puntetoekenning by elke vraag behoort ‘n idee te gee van hoe lank elke antwoord moet wees.
- Kandidate kan goeie punte kry as as hulle deeglik voorberei bv.as hulle die soorte rymskemas,soorte beeldspraak (personifikasie ,metafoor,vergelyking) asook die verklaring van die beeld ken.
- In die onderrig behoort ook aandag gegee te word aan die funksies van lees- en skryftekens
- By die afdeling oor die poësie het kandidate probleme ervaar met die verklaring van die beeldspraak, die verklaring van woordbetekenis,bv. “beseerde stiltes”,”somber gesloopte vrou” “refrein”,”ou roof opgekrimp”,”wêreld wat op sypaadjies bloei”en die funksie van die komma,aandagstreep

AFDELING B EN C: DRAMA EN ROMAN

BEANTWOORDING VAN DIE KONTEKSTUELE VRAAG

- Hierdie soort vraag vereis dat kandidate deeglik vertroud moet wees met die inhoud van die Voorgeskrewe werke.Derhalwe MOET die boeke gelees word.Ongelukkig was daar heelwat kandidate wat nie die inhoud van die boeke ken nie.
- Kandidate moet ook oefening kry in die beantwoording van die kontekstuele vraag .Let daarop dat dit nie gewone leesbegripvrae is nie;derhalwe moet kandidate oefening kry in die beantwoording van die kontekstuele vraag.
- Kandidate moet bv.die karaktereienskappe van die verskillende karakters , botsings tussen die karakters,die betekenis van die titel ,sentrale temas of kernvraagstukke ken.
- By hierdie afdeling het kandidate probleme ervaar met Periandros se tekortkominge, sy teenstrydige aard van sy karakter, sy groot ideaal,watter dinge die kabinet verswyg en die Keiser se behepthede.

BEANTWOORDING VAN DIE OPSTELTIPE VRAAG

- Heelwat kandidate sukkel met die beantwoording van die opsteltipe vraag.
- Spesiale aandag moet gegee word aan die beantwoording hiervan.
- Kandidate behoort geleer te word oor hoe om ‘n vraag te lees, watter kernwoorde om uit te haal en daar rondom ‘n vraag te beplan.
- Spesiale aandag moet aan ‘n netjiese uiteensetting (‘n inleiding, uiteensetting van paragrawe en ‘n slot) gegee word.
- Kandidate het klei getrap met met Saul se verbintenis met die Bos en die magistraat se ondervraging aan Kaatjie Danster.